



Oliewenhuis

POSKAART
POSTCARD



Laura Rautenbach, die welbekende beeldhouer, met "Hamlet" wat sy aan Oliewenhuis kunsmuseum geskenk het.

(foto: Die Volksblad)

'N PERSOONLIKE KLEIN KUNSGESKIEDENIS*

D.J. Hugo

Ek noem my praatjie vanaand "Die belydenis van 'n leek", omdat ek as letterkundedosent en digter my op 'n redelik onbekende terrein bevind. Wat ek aan u gaan voorhou, is 'n persoonlike klein kunsgeskiedenis.

My skilderyverstand het ek as kleuter tydens vakansiebesoeke aan die huis van my ouma Hugo gekry. Sy het in 'n Victoriaanse huis aan die bopunt van Victoriastraat op Stellenbosch gewoon. In die skemerige sitkamer aan die suidekant van die huis het daar drie amateurolieverwe van haar hand gehang. Die een het 'n onbeholpe panoramiese blik gebied op die familieplaas, Botmaskloof naby Riebeeck-Kasteel, die ander en geslaagste van die drie het 'n plaaspad met geweldige kroondenne weerskante voorgestel, en die derde was die naskildering van 'n verinnuweerde seilboot op 'n stormsee vol dreigende golwe en romanties-verwonge wolke.

Aanvanklik het die somber seetoneel my kindergemoed die meeste aangespreek. Later, toe ek al op hoërskool was, het ek besef dat die plaaspad met die dennebome die eerlikste en vaardigste skilderpoging van my ouma was.

Sy het die skilderye as negentienjarige meisie gemaak en daarmee getoon dat sy 'n omvattende en afgeronde Victoriaanse damesopvoeding ontvang het. (Sy het ook buitemuurse klavieropleiding gehad.) Dit het haar op die sosiale leer hoër geplaas as die minder welgestelde boeredogters wie se handvaardighede beperk was tot broodbak, bottermaak en brei. Dit het terselfdertyd gedien as bewys van haar hubaardheid. Die feit dat haar oudste kleinkind vyftig jaar na haar troue oopmond na die skilderye kon staar, was 'n teken van die suksesvolheid van haar opvoeding wat ook kunsvaardighede van haar vereis het. My ouma se skilderye het dus van vroeg reeds — hoewel

dan onbewustelik — vir my die sosiale relevansie van die skilderkuns gedemonstreer.

Die skilderkuns is nie bloot 'n estetiese aangeleentheid nie. Dit het, benewens die sosiale, ook ideologiese, religieuse, tegniese en kommersiële dimensies. Van die kommersiële faset van 'n skildery het ek pynlik bewus geraak toe my ouma haar Victoriastraathuis aan die universiteit moes verkoop en daar 'n vroeë verdeling van haar boedel plaasgevind het. Die skildery met die kroondenne, wat ek intussen leer lief kry het, is aan 'n onbeskaamde familielid bemaak wat dit terstond vir 'n paar rand verpand het.

Die estetiese sy van 'n skildery het ek eers behoorlik begin waardeur tydens my hoërskooljare in die hoofstad van Namibië. My pa het op 'n dag 'n Suidweslandskap huis toe gebring. Dit was 'n olieverfskildery van sekerlik die mees afgebeelde Suidwesbaken, te wete die Spitskoppe naby Usakos. Dit is gemaak deur Travers Brown, 'n bruin amateur van Walvisbaai.

Vir die eerste maal het ek besef dat die onbegryplike wydsheid van die Suidwesruimtes waaraan my oog so gewoond was, op 'n bevredigende wyse kunsmatig vasgevat en ingeraam kan word. Dit het 'n rilling van opwinding deur my laat gaan dat die skynbaar ongrypbare tog vasgelê kan word. Dit was my eerste, egte estetiese ervaring op die visuele gebied. Travers Brown was vir my 'n noodsaaklike voorbereiding op die veel gesofistikeerder Suidweslandskappe van Adolf Jentsch. Brown se eenvoudige realisme het dit vir my moontlik gemaak om Jentsch se mistieke uitbeelding van dieselfde geliefde land te waardeur.

Toe ek Windhoek verlaat het om na die Universiteit van Stellenbosch te gaan, het my ouers vir my 'n Travers Brown-skildery saamgegee. In die moeilike aanpassingstyd, toe ek aan engtevrees gely het tussen die oorweldigende Bolandse berge, het Brown se

skildery my verlange na Namibië se uitgestrektheid gewek én gestil.

En so het ek nog 'n dimensie van die skilderkuns ontdek. 'n Skildery kan dus 'n sentimentele funksie vervul en selfs psigoterapeutiese waarde he.

Toe ons in 1980 na Bloemfontein gekom het, het ek vir die eerste keer met die sketse en skilderye van die Vrystaatse kunsvader Frans Claerhout kennis gemaak. Hy het die wyse waarop ek na die vir my onbekende Vrystaatse landskap en mense gekyk het, help bepaal. Travers Brown het vir my die bekende omgewing begryplik en herkenbaar gemaak; Claerhout het vir my die onbekende toeganklik en opwindend gemaak. Vader Claerhout se ekspressionistiese styl het my ook geleer dat 'n skildery die mens se metafisiese vrese en vreugdes kan **verwoord**. En dié woord het my gebring by die uitdrukkingsmiddel waarvan ek wel meer as 'n lekekennis het. Ek bedoel die poësie.

Om my waardering vir my mentors op die gebied van die skilderkuns te betuig, het ek die volgende twee gediggies oor hulle gemaak. In elke geval is die skilder self aan die woord. Ek hoop dat hulle hulself sal herken in dié vreemde medium:

Travers Brown

dag na dag het ek bitterbos
kolle suurgras en 'n soetdoring
(kyk hoedat die hittegolwe kring)
uit die vormlose verf verlos
tot verblindend die sonbesie sing

Frans Claerhout

vir my word die wêreld al hoe somberder
en waar die skadu kom, keer lig en donker om
(mens van Afrika en die sonneblom)
daarom het ek haar heldergeel geskilder:
dié vrou wat haar arms lig na die swart van die son.

Ten slotte vertrou ek dat u by die uitstalling vanaand die geskakeerde wyse waarop skilderye tot 'n mens kan spreek, sal ervaar.

* Openingstoespraak van mnr. Daniël Hugo, dosent in Afrikaans en Nederlandse Letterkunde aan die UOVS by die opening van die Nasionale Museum se kunsversameling te Oliewenhuis op 23 Junie 1987.